

**Diederick Basson** studeer aan die Universiteite van Pretoria, Stellenbosch en Noordwes (Potchefstroom) en behaal die grade BMus, BMusHons (cum laude), MMus en PhD. Aan die Universiteit van Unisa behaal hy Lisensiate in Voordrag, Onderwys en Kerkorrelspel, al drie cum laude. Orreldosente by wie hy studeer het, is Danie Smit, Wim Viljoen, Boudewijn Scholten, Pieter de Lange, en Ewald Kooiman (Amsterdam, Nederland).

Diederick is tans hoof van die musiekdepartement van Somerset College, 'n privaatskool in Somerset Wes. Daarbenewens is hy ook deeltyds aan die Universiteit Stellenbosch verbonde as dosent in Gehooropleiding en Musiekteorie Vakdidaktiek. Hy is 'n voormalige redakteur van *Vir die Musiekleier* en is tans lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is die mede-outeur van skoolhandboeke wat in 2013 deur Oxford University gepubliseer is. Hy tree ook gereeld as solis en begeleier op en hy bied die program, Sondagkonsert, twee maal per maand op Fine Music Radio 101.3 aan.

# SINODEBESLUITE MET BETREKKING TOT DIE PSALM IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (GKSA): 'N OORSIG VANAF 1862 TOT 2012

DIEDERICK BASSON
SKOOL VIR MUSIEK, NOORDWES-UNIVERSITEIT (MASARA), RSA

## ABSTRACT

In this article an overview is given of synod decisions from 1862 to 2012 pertaining to the psalm in the Reformed Churches of South Africa (RCSA).

Research indicates that psalms in the 1936 versification and 2001 re-versification are not optimally utilised in the Reformed worship service, and that opposition exists to the 2001 re-versification.

An archival investigation into RCSA synod decisions from 1862 to 2012 shows that the use of the psalms in the worship service is indeed influenced by synod decisions. Disparities in the synod decisions become apparent in that a reliable, objective system against which psalms can be measured, does not exist. Decisions made appear not to be taking into consideration the musical profile and musical preferences of members.

## KEYWORDS

Reformed Churches of South Africa, synod decisions, psalms, psalm versification

## OPSOMMING

In hierdie artikel word ’n oorsig gegee van sinodebesluite met betrekking tot die psalm in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) vir die tydperk 1862 tot 2012.

Ondersoeke het aangetoon dat psalms in die goedgekeurde 1936-beryming en 2001-omdigting nie optimaal in die Gereformeerde erediens gebruik word nie en dat daar ’n groot weerstand teen die 2001-omdigting bestaan.

’n Argiefondersoek na GKSA-sinodebesluite vanaf 1862 tot 2012 toon dat die gebruik van die psalm deur sinodebesluite beïnvloed word. Sinodebesluite toon duidelike leemtes in die opsig dat daar nie ’n betroubare, objektiewe sisteem bestaan vir die musikologiese beoordeling van die liedmatig bewerkte psalms nie. Dit blyk dat sinodebesluite nie rekening hou met die gemiddelde kerklidmaat se musikale profiel en musikale voorkeure nie.



## TREFWOORDE

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, sinodebesluite, psalms, psalmberyming


## 1. INLEIDING

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) – waarvan die ontstaan in 1859 deels ’n reaksie was op die invoer van die *Evangelische Gezangen* – is ’n kerk met die Bybel en Belydenisskrifte as rigsnoer vir die daaglikse lewe. In die Gereformeerde erediens staan die Woordverkondiging sentraal en word daar hoofsaaklik psalms, Skrifberymings en ander Skrifgetroue liedere gesing (Basson, 2016:iii).[1]

Die eindredakteur van *Psalmboek 2003*, dr. J.P. Bingle, skryf die volgende in die Voorwoord: “Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika […] is ’n [p]salmsingende kerkverband” (Bingle, 2003:vii). Hierdie woorde loop vanaf sy ontstaan in 1859 soos ’n goue draad deur die geskiedenis van die GKSA. Ondersoeke (kyk onder andere Van Rooy, 2008; Basson, 2016) toon egter dat die psalms in die goedgekeurde 1936-beryming en 2001-omdigting nie optimaal in die erediens benut word nie en dat daar weerstand teen veral die 2001-omdigting bestaan.

Indien die GKSA wel ’n psalmsingende kerkverband is, waarom word daar slegs ’n klein persentasie van die psalms in die Gereformeerde erediens van Afrikaanssprekendes gesing? Lê die probleem slegs by die teks en musiek, of het die algemene sinode se besluite asook toepassing van Kerkorde Artikel 69[2] (KO Art. 69) ’n invloed op die lae gebruiksfrekwensie van sekere psalms binne die erediens?

---

[1] Die outeur is daarvan bewus dat daar ook ander liedere buiten die goedgekeurde liedere in talle gemeentes gesing word.

[2] KO Art. 69 se bewoording is tydens die 2012-sinode soos volg verander (GKSA, 2012:385):

> In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge en Skrifgetroue liedere wat die Sinode goegekeur het, word in die vryheid van die kerke gelaat. »»

Op grond van hierdie vraag het die outeur ’n argiefondersoek na al die sinodebesluite vanaf 1862 tot 2012, ’n periode van 150 jaar, wat direk/indirek met die psalm as lied verband hou, onderneem.[3] Vir die doel van hierdie artikel sal ’n algemene oorsig van kernpunte uit sinodebesluite gegee word, waarna enkele samevattende slotopmerkings die artikel sal afsluit.

## 2. DIE BEGINJARE

Tydens die beginjare van die GKSA kom die psalm en die inrigting van die erediens nie noemenswaardig onder bespreking tydens sinodes nie. Die aanvanklike sinodes neem besluite en handhaaf gebruike wat van Nederland oorgeneem is. KO Art. 69 word as geldende reël gehandhaaf en bepaal wat tydens die erediens gesing sal word, naamlik die Nederlandse psalmberyming van 1773, die Geloofsbelydenis, die Onse Vader, die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon, asook enkele vrye liedere wat op die Skrif gebaseer en deur die Sinode van Dordrecht in 1618-’19 goedgekeur is (kyk GKSA, 1862:8; 1876:26; 1910:53; 1913:48).

Die behoefte aan en gebruik van vrye liedere buite die goedgekeurde kerkliedkorpus bestaan reeds van die GKSA se begindae af (kyk onder andere GKSA, 1873:48; 1888:53; 1907:31). Dit blyk ook dat die psalmsang reeds kort na die ontstaan van die GKSA nie na wense is nie en selfs onder druk van die nie-goedgekeurde liedere verkeer (kyk GKSA, 1907:31).

In gevalle waar dit moeilik is om duidelike besluite te neem of om ’n algemene beginsel of reël te formuleer en toe te pas, word die weg van keusevryheid eerder geneem – ’n verskynsel wat deur Spoelstra (2004:273) as “koerslose kerkleiding” beskryf sou kon word (kyk onder andere GKSA, 1918:53).[4]

Die eerste noemenswaardige aandag word tydens die sinode van 1913 aan die psalms as kerklied gegee. ’n Voorstel van die kerkraad van Burgersdorp lei daartoe dat die sinode ’n kommissie goedkeur met die doel om maniere te ondersoek waarop die psalmsang verbeter sou kon word (GKSA, 1913:46, 47).

## 3. DIE EERSTE AFRIKAANSE PSALMBERYMING

Alhoewel daar reeds so vroeg as 1894 voorgestel is dat ’n eie psalmboek vir die GKSA oorweeg

« Daar behoort kennis geneem te word van die waarde van KO Art. 69 ten opsigte van die daarstel van ’n “gesamentlike kerklied in kerkverband ter wille van die reg en orde in die kerk van Christus”. Ten spyte van die “seën” wat uit die toepassing van hierdie artikel verkry is, was daar spanning teenwoordig in wat gesing “mag” word en wat gesing “moet” word. Dit is duidelik dat daar ’n behoefte was en is aan ’n “sinvolle uitbreiding van die kerklied” (GKSA, 2006:568).

[3] Kyk Basson (2016:144-188) vir ’n chronologiese bespreking van sinodebesluite met betrekking tot die psalm.

[4] As deel van die outeur se PhD-navorsing is ’n vraelys onder 274 Afrikaanssprekende gemeentes van die GKSA versprei. Een van die respondente in hierdie ondersoek is van mening dat sinodale aanbevelings “veilig speel” (Basson, 2016:111).

behoort te word (GKSA, 1894:59), duur dit nog ’n paar jaar voordat die eerste psalmboek in die GKSA in gebruik geneem word. Die eerste tree na ’n volwaardige Afrikaanse psalmboek word tydens die sinode van 1920 in Bethulie gegee. By hierdie geleentheid het die predikant van die Gereformeerde gemeente Bethulie, ds. J.A. van Rooy, vertel hoe hy die “ingewing in die hart gekry het om te ywer vir ’n Afrikaanse Psalmboek” nadat hy Totius (prof. J.D. du Toit) se enkele Afrikaanse psalmberyminge gelees het (GKSA, 1936:180). Tydens hierdie sinode word ’n kommissie voorgestel vir die daarstelling van die eerste Afrikaanse psalmberyming en dat daar vir hierdie taak “’n begaafde man of manne” gevind sal word (GKSA, 1920:56).

Sinodale handelinge vanaf 1924 tot en met 1936 beskryf die verloop totdat die eerste Afrikaanse psalmberyming op 8 Maart 1936 in Bethulie – waar die eerste tree na ’n Afrikaanse psalmberyming 16 jaar vantevore gegee is – in ontvangs geneem is (GKSA, 1936:179).

In die tydperk 1924 tot 1936 kom nie net die verbetering van die gemeentesang weer onder bespreking (GKSA, 1924:38) nie, maar word daar ook by die sinodes van 1924 en 1927 vir die eerste keer daadwerklik aandag aan die liturgiese orde gegee (GKSA, 1924:37, 38; 1927:33-36).

Die eerste Afrikaanse psalmberyming het egter nie tot ’n noemenswaardige verbetering van die gemeentesang gelei nie. Daarby is die singbaarheid van die psalms, met spesifieke verwysing na die melodie en ritme, ook problematies (kyk onder andere GKSA, 1939, 1942 en 1949). Geen statistiese of stawende bewyse word egter verskaf op grond waarvan die psalms en gemeentesang krities beoordeel kan word nie (Basson, 2016:153). Die kritiek teen die psalms blyk wel van só ’n aard te wees dat die sinode dit belangrik genoeg ag om ’n psalmhersiening te oorweeg (GKSA, 1952:291).

## 4. HERSIENING VAN DIE PSALMBERYMING

Die GKSA werk saam met die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika (NHK), en tydens ’n vergadering in 1953 word riglyne neergelê vir gebruik tydens die psalmhersiening (GKSA, 1955:65).

Dit word egter duidelik dat daar spanning ten opsigte van die psalms heers. Aan die een kant is daar ’n ontevredenheid met die psalmmelodieë en aan die ander kant (veral die NGK se kant) ook ontevredenheid met die berymde psalmtekste (kyk onder andere GKSA, 1967, 1970). Die sinode word gevolglik gedwing om intensief na die beryming te begin kyk. Vir die eerste keer in die GKSA se geskiedenis word meer spesifieke kriteria waaraan psalmmelodieë behoort te voldoen, vasgestel (kyk onder andere GKSA, 1955, 1961). Daar word egter nie kriteria neergelê waarvolgens bepaal kan word of die psalmmelodieë aan die vereistes voldoen nie, wat tot ’n veel meer subjektiewe beoordeling van die psalms lei, in plaas daarvan dat musikologies-verantwoordbare kriteria vir die beoordeling gebruik word (Basson, 2016:161).[5]

---

[5] Vir die doel van die studie is daar nie op musikologiese aspekte van die psalm gefokus nie, aangesien dit reeds in ’n vorige studie (kyk Strydom, 1994b) behandel is. Strydom (1994a:74-76) noem drie kernaspekte waaraan kerkliedere getoets behoort te word, naamlik die kerkliedteks, die toonsetting van die teks, en die eenheid van vorm en inhoud. Kyk ook Barnard (1985:589-603), Kruger (2002:19-41), Jankowitz (2009:212-223) en Van Rooy (2010:200-227; 230-235) vir verdere besprekings oor die musikologiese aspekte van die kerklied en die psalm.

Waar sinodebesluite voorheen hoofsaaklik deur afgevaardigdes geneem is sonder oënskynlike inagneming van wat op grondvlak in die praktyk gebeur, word daar gedurende 1959-'61 meer intensief navorsing oor die psalmgebruik onder gemeentes aan die hand van bepaalde kriteria gedoen (kyk GKSA, 1958, 1961).

Die gemeentesang blyk egter steeds 'n bron van kommer te wees deurdat verskeie voorstelle gemaak word hoe om dit te verbeter (kyk onder andere GKSA, 1973). Dit is egter opmerklik dat die stand van gemeentesang uiters vaag beskryf word, aangesien daar steeds geen bepaalde kriteria bestaan waarvolgens die gemeentesang beoordeel kan word nie (Basson, 2016:161).

Dit is opmerklik dat die GKSA-sinodes wegskram van enige tekortkominge in die Totius-teks en hoofsaaklik op die melodieë konsentreer, terwyl daar in die ander Afrikaanse kerke, en veral die NGK, 'n meer kritiese houding teenoor beide die teks en melodieë van die psalms waargeneem kan word (Basson, 2016:161). Volgens die NGK het die taal in die 40 jaar sedert die eerste Afrikaanse beryming verskyn het, ingrypend verander. Argaïese woorde en taalgebruik – onder andere die gerigtheid van die Nederlandse kerktaal – bemoeilik die verstaanbaarheid van die teks vir jonger mense (GKSA, 1976:405-407).

Dit wil ook voorkom of die ou spreekwoord "bekend maak bemind" toegepas word by die hersiening van die psalmmelodieë. Daar word eerder ten gunste van die "ou goud" (kyk GKSA, 1955:66) gekies in plaas daarvan om vernuwend te werk te gaan. Die volgende veranderinge, met die doel om 'n "stilistiese eenvormige [p]salmboek in die gees van die Reformasie" te verkry, is onder andere aan die melodieë aangebring:

- sommige melodieë is met Geneefse of soortgelyke melodieë vervang; en
- die ritme van bestaande Geneefse melodieë is na die oorspronklike vorm verander (GKSA, 1973:205, 206).

Die 1973-sinode beveel ook aan dat die opsionele verhogings in die melodie gesing behoort te word – weereens sonder om redes vir hierdie besluit te gee (Basson, 2016:160). Tydens die sinode van 1973 word daar besluit om die hersiene melodieë te aanvaar en dat in samewerking met die NGK en NHK die publikasie van 'n nuwe psalmboek goedgekeur word (GKSA, 1973:205).

## 5. PSALMBOEK 1977

Die nuwe psalmboek word in 1977[6] in die GKSA in gebruik geneem (GKSA, 1979:609). Dit blyk egter dat dit nie die bedoeling was dat hierdie psalmboek lank sou diens doen nie. Dr. J.H. van Wyk was van mening dat die nuwe psalmboek van 1977 slegs 'n paar jaar van diens sou wees, wanneer 'n gewysigde inhoud tot 'n herdruk sou lei (GKSA, 1979:288).

Sinodale handelinge vanaf 1979 en later dui daarop dat die psalmteks en die psalmmelodie steeds

[6] Die nuwe *Psalm- en Gesangboek* word in 1978 in die NGK en NHK in gebruik geneem (GKSA, 1979:611).

die mees kritieke probleemareas is. Die besluit om die Geneefse melodieë in die 1977-psalmboek terug te bring, ontlok heelwat kritiek van lidmate. Die negatiewe reaksie op sekere melodieë versterk die vermoede dat sinodebesluite nie in voeling met lidmate se behoeftes is nie, as dit vergelyk word met die sinodale ondersoek wat aantoon dat van die 1936-melodieë en liederwysies (kyk byvoorbeeld GKSA, 1979:614, 615) steeds gebruik word. Dat daar 'n gaping bestaan tussen die sinode en gemeentelede word duidelik uit die opmerking dat die groot gaping tussen kenners en leke se "kennis, evaluering en belewing te ligtelik geïgnoreer word". "Die oorgrote meerderheid kan nie eers note lees nie en is eenvoudig nie in staat om wysies wat ingewikkeld is, aan te leer nie" (GKSA, 1979:614).

Kriteria word opnuut neergelê waarvolgens die psalms beoordeel moet word. Daar word ook besluit om psalms ten opsigte van singbaarheid te evalueer. Die beskikbare kriteria, soos deur die sinode bepaal, is egter steeds nie voldoende om te verseker dat elke psalm volgens meetbare standaarde objektief en konsekwent beoordeel kan word nie (kyk GKSA, 1982 en 1985).

## 6. 'N NUWE PSALMBERYMING

Ten spyte van die hoë agting wat die Totius-beryming geniet, bevind die beryming sigself toenemend in 'n spanningsvolle situasie vanweë die onhaalbaarheid om dit bevredigend te hersien (GKSA, 1985:763). Tydens die 1985-sinode dien 'n skrywe van die skriba van die Algemene Sinode van die NGK waarin samewerking gevra word vir 'n hersiening en/of beryming van die psalmboek. Dit gaan dus nie net meer oor 'n hersiening van die Totius-teks nie, maar om 'n nuwe psalmberyming (GKSA, 1985:755, 756).[7]

Intussen neem die onrustigheid onder lidmate toe en die verandering op musiekgebied en die uitwerking daarvan op die musikale behoeftes van lidmate plaas verder druk op die sinode om daadwerklik op te tree (kyk GKSA, 1988). 'n Studiestuk insake liturgiese musiek in die Gereformeerde erediens dien in 1988 voor die sinode. Die doel van hierdie studiestuk was onder andere om probleme met betrekking tot die melodieë en liturgiese musiek uit te lig. Drie belangrike punte wat in hierdie studiestuk gemaak word, is dat musiekstyle wat voorheen aanvaarbaar was, nie meer vir die volgende generasie aanvaarbaar is nie, dat daar 'n duidelike wanbegrip oor die beste verhouding tussen "Bybelse versifikasie en musiek" is en dat daar 'n "toenemende afstomping" ten opsigte van die uitwerking van musiek op die menslike gemoed waargeneem kan word (GKSA, 1988:37). In reaksie hierop beveel die sinode aan dat daar eerder teruggekeer moet word na die 16de-eeuse uitgangspunt met betrekking tot die psalm en die "pedagogies veel suiwerder gebruike van die 16de eeu, toe orrels geen amptelike seën kon verkry nie" (GKSA, 1988:37, e.v.).

Die funksie van die erediens en die rol van kerkmusiek word toenemend onder die vergrootglas geplaas wat die sinode noop om duideliker kriteria neer te lê (kyk GKSA, 1994:528-539). Hierdie kriteria sou voortaan toegepas word by die keuring van nuwe liedere.
Uit die sinodale handelinge word dit duidelik dat spanning tussen die GKSA en die NGK en NHK tot

[7] Die geskiedenis oor die kwessie van die psalmberyming is opgeteken in die 1985-Handelinge (GKSA, 1985:745-755).

só ’n mate toeneem dat daar gevolglik in 1991 besluit word om samewerking met die NGK en NHK op te skort. Die besluit word egter in 1994 omgekeer en samewerking word hervat (GKSA, 1994:553).

Die onvermydelikheid van ’n nuwe psalmberyming, ten spyte van ’n hersiening van die Totius-teks, word gaandeweg duidelik. Benewens die nuwe beryming van die psalms word daar ook daadwerklik na nuwe melodieë en alternatiewe harmonisasies vir die psalms gesoek (GKSA, 1997:770).

Teen 3 Mei 1999 is 78 omdigtings, waarvan die meerderheid deur prof. T.T. Cloete gedoen is, goedgekeur. Melodieë wat reeds inslag gevind het, word behou, maar vir die res word nuwe melodieë uit ander bundels gevind of nuut gekomponeer (GKSA, 2000:453, 454).

## 7. PSALMBOEK 2003

Met die aanvang van die 2003-sinode is die *Liedboek van die Kerk* reeds voltooi en in 2001 deur die NGK en NHK in gebruik geneem. Tydens die 2003-sinode word verslag gedoen na aanleiding van die proses wat met die nuwe psalmberyming gevolg is. Nadat kerkrade geleentheid gegun is om kommentaar te lewer, is die positiewe en negatiewe kritiek verwerk.[8] Aspekte van die nuwe Afrikaanse psalmberyming waarop kritiek ontvang is, is die volgende:[9]

1. Die gehalte van die taalgebruik (kyk GKSA, 2003a:646-652).
2. Die gebruik van Godsname, dat die onderskeid tussen die name Jahwe en Adonai nie in die nuwe beryming gehandhaaf is nie, asook dat “God” soms gebruik word vir “Jahwe/Adonai” of “Here/Heer” vir “Elohim” (GKSA, 2003a:653).
3. Die hantering van die sogenaamde “wraakpsalms” (GKSA, 2003a:654).
4. Die verbondsgedagte wat nie in die nuwe beryming tot sy reg kom nie (GKSA, 2003a:654).
5. Die hantering van die Messiaanse psalms in die nuwe beryming (GKSA, 2003a:656).

Die kritiek[10] wat teen die nuwe Afrikaanse psalmberyming ontvang is, lei daartoe dat die deputate ’n spesiale bylaag saamstel waarin op die kritiek gereageer word (kyk GKSA, 2003a:646, e.v.).[11]

Die sinode van 2003 beveel aan dat van die 1936-beryming en 2001-omdigting gepraat word, in plaas van die Totius- of Cloete-beryming, aangesien daar in beide gevalle ook omdigtings deur ander

[8] In ’n minderheidsverslag (GKSA, 2003b:1-12), wat nie in die Handelinge opgeneem is nie, maar op aanvraag by die Administratiewe Buro van die GKSA beskikbaar is, word onder meer kritiek uitgespreek oor die wyse waarop die positiewe en negatiewe kritiek op die nuwe omdigting deur deputate hanteer is.

[9] Kyk Handelinge (GKSA, 2003a:646-657) vir ’n uitvoerige bespreking van die kritiek op die nuwe psalmomdigting.

[10] Die oorspronklike kommentaar wat ontvang is, verskyn nie in die Handelinge nie. Die spesiale bylaag bevat slegs die deputate se reaksie op die kommentaar.

[11] Die deputate verduidelik dat persone op grond van kundigheid aangestel is om die werk te verrig, maar betreur die feit dat “kerkrade kommentaar van duidelik onbevoegde mense net so deurgestuur het ten spyte van die kwetsende en kleinlike aard daarvan” (GKSA, 2003a:649).

persone[12] gedoen is (GKSA, 2003a:642). Die sinode gee voorts opdrag dat beide die 1936-beryming en die 2001-omdigting in een bundel uitgegee en vir erediensgebruik aanbeveel word, "onderhewig aan die besluite van elke plaaslike Kerkraad" (GKSA, 2003a:642), dat die manuskrip persklaar gemaak moet word (GKSA, 2003a:670) en dat die nuwe bundel as *Psalmboek* bekend sal staan (GKSA, 2003a:644). By sowel die 1936-beryming as die 2001-omdigting moet die "openbaringshistoriese" verband met die Messiaanse vervulling van sekere psalms in die Nuwe Testament met voetnotas aangedui word (GKSA, 2003a:642).

*Psalmboek 2003* is op 26 Oktober 2003 amptelik in die GKSA in gebruik geneem. 'n Begeleiersboek vir orreliste is ook uitgegee (GKSA, 2006:609).

Tydens die 2006-sinode word dit duidelik dat die nuwe psalmomdigting nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Sewe onsuksesvolle beswaarskrifte dien voor die sinode (kyk GKSA, 2006:637, e.v.). Die sinode verklaar dat 'n spanningsvolle situasie in die GKSA ontwikkel het en dat daar "nog nie eensgesindheid oor die hele saak van [p]salmomdigting bestaan nie" (GKSA, 2006:739).[13]

Die afkeuring van die sewe beswaarskrifte lei egter tot onsekerheid "en selfs onrus" onder afgevaardigdes, aangesien die mening uitgespreek word dat die beredenering van die beswaarskrifte nie al die vrae beantwoord het nie. Deputate word gevolglik aangewys om probleemareas in die afgekeurde beswaarskrifte weer opnuut te ondersoek (GKSA, 2006:740).

Met die 2009-sinode word dit duidelik dat die fokus van die psalms begin verskuif na die Skrifberymings en Belydenisskrifte (Basson, 2016:184). Die hersiening aan die Totius-teks het intussen voortgegaan en is in 2006 afgehandel, waarna dit vir kommentaar aan gemeentes gestuur is. Die reaksie hierop was teleurstellend en die sinode kom tot die gevolgtrekking dat die Totius-teks duidelik nie meer hoog op gemeentes se prioriteitslys is nie. Die hersiene teks sal gevolglik elektronies gepubliseer word indien gemeentes daarvan gebruik sou wou maak (GKSA, 2009:727, 728).

Tydens die 2009-sinode lewer deputate terugvoering na aanleiding van 'n ondersoek na kwessies uit die sewe beswaarskrifte wat tydens die 2006-sinode afgekeur is. Dieperliggende probleme, asook kritiek teen die onbehoorlike wyse waarop die beswaarskrifte hanteer is, word voorgelê. Kommer word ook uitgespreek oor die verdelende effek wat die vrywillige gebruik van die 2001-omdigting binne kerkverband sou kon hê (kyk GKSA, 2009:710 e.v.).

KO Art. 69 dien weer as besprekingspunt tydens die 2012-sinode waarna die bewoording van die artikel verander word (kyk GKSA, 2012:385). Die 2012-sinode keur voorts nuwe kriteria goed waarvolgens bestaande en nuwe liedere getoets kan word (kyk GKSA, 2012:389, 390).

---

[12] G.B.A. Gerdener (Ps. 23) en J.J. Kuhn (Ps. 130) se berymings verskyn ook in die 1936-beryming. Totius het ook erken dat hy van ander berymings gebruik gemaak het. Die 2001-omdigting is hoofsaaklik deur T.T. Cloete gedoen, maar omdigtings van Lina Spies, Antjie Krog, Elsabé Kloppers en Andries Breytenbach is ook ingesluit (GKSA, 2003a:642).

[13] J.H. van Wyk (2004:8) vra die vraag hoe dit gekom het dat die Psalms in die 21ste eeu 'n boek van "twis" geword het.

## 8. SAMEVATTING

Uit die ondersoek is dit duidelik dat die Skrif en die Belydenisskrifte van die GKSA die bepalende kriteria by sinodebesluite vorm. KO Art. 69 bepaal dat slegs die 150 psalms gesing moet word, maar verskaf geen riglyne oor hoe[14] dit gesing behoort te word nie (Basson, 2016:196).

Aanvanklike sinodebesluite, waaronder die besluit om die Nederlandse psalmberyming van 1773 te gebruik, bou voort op die Nederlandse bepalings en gebruike soos wat dit van die 1618-'19-sinode van Dordrecht af na Suid-Afrika oorgedra is. Die gebruik van die psalms as hoofbestanddeel van die kerkliedkorpus in die GKSA lei reeds van vroeg af tot ontevredenheid onder lidmate. Die byvoeging van Skrifberymings en later ook ander Skrifgetroue liedere,[15] word toenemend 'n besprekingspunt tydens sinodes wat die vermoede van 'n ontevredenheid met die beskikbare liedmatige psalmberymings en 'n behoefte aan ander liedere verder versterk.

Die eerste Afrikaanse psalmberyming word in 1936 in gebruik geneem. Alhoewel hierdie beryming vir 'n geruime tyd taamlik suksesvol diens gedoen het, word daar kort na die verskyning reeds kritiek teen hierdie psalmberyming ontvang. Die toenemende ontevredenheid met die 1936-beryming gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu – wat deels aan die ontevredenheid in die NGK toegeskryf sou kon word – lei gevolglik tot 'n nuwe omdigting wat in 2001 in die NGK en NHK en in 2003 in die GKSA in gebruik geneem word.

Vir 'n groot gedeelte van die GKSA-geskiedenis word daar nie diepgaande op die musikologiese aspekte van die liedmatig bewerkte psalms tydens sinodes gefokus nie. Problematiese of onbevredigende kerksang word telkens bespreek, sonder om konkrete bewys te lewer op grond waarvan die kerksang nie aan die verwagtings voldoen nie – en ook wat hierdie verwagtings veronderstel is om te wees nie. Dit is begryplik dat die psalmteks telkens die meeste aandag geniet. Wanneer daar egter 'n kritiese oordeel oor die musikale komponent van psalms uitgespreek word, word daar dikwels eerder 'n waardeoordeel uitgespreek sonder om op 'n musikologies-verantwoordbare wyse spesifieke elemente se tekortkominge te omskryf.

'n Verandering in denke en sienings aangaande die kerklied wat meer musikologies gerig is, kom egter in die tweede helfte van die 20ste eeu uit sinodebesluite na vore. Alhoewel die vereistes waaraan die kerklied behoort te voldoen stelselmatig beter omskryf word, is daar steeds tekortkominge, aangesien dit nie voorsiening maak vir die toepassing van kriteria wat meer suksesvolle resultate tot gevolg sal hê nie.

[14] Dit is ook duidelik uit die Skrif dat daar nie voorgeskryf word hoe die psalms gesing behoort te word nie.

[15] Die outeur neem kennis van besluite wat tydens die 2015-sinode met betrekking tot die Skrifberyming en Skrifgetroue lied geneem is (kyk GKSA, 2015:342, e.v.). Hierdie besluite word egter nie bespreek nie, aangesien dit nie betrekking het op die doel van hierdie artikel nie.

## 9. SLOTOPMERKINGS

Hierdie artikel het ten doel gehad om ’n oorsig van sinodebesluite met betrekking tot die psalm in die GKSA te gee. Sinodebesluite blyk nie rekening te hou met die postmoderne lidmaat se musiekbelewing nie (kyk Basson, 2016:208). Lidmate ervaar besluite met betrekking tot die kerklied dikwels as vasgebind aan die verlede en te laat met vernuwing (kyk Basson 2016:211). Ten spyte van talle vraelyste en ondersoeke is daar nog nie genoegsaam ondersoek onder lidmate en dooplidmate gedoen om ’n musikale profiel van die kerk te vorm wat as kriterium by die keuse van liedtipes en geskikte melodieë toegepas sou kon word nie.

In die soeke na en daarstelling van ’n psalmformaat wat die 21ste-eeuse kerklidmaat in staat sal stel om die psalm as kerklied optimaal te kan benut en te beleef, sal dit raadsaam wees om van nuwe ontwikkelinge met betrekking tot die psalm kennis te neem en om die bruikbaarheid daarvan in die erediens van die GKSA te ondersoek. Drie ontwikkelings waarvan kennis geneem kan word, is die volgende:

- Die gebruik van die psalm in die Nederlandse *Liedboek* (Holwerda, 2013).
- Die kontemporêre aanwending van die Geneefse psalmmelodieë deur *The Psalm Project* (http://www.thepsalmproject.com).
- Die bundel *Psalms for All Seasons* (Borger, et al.:2012) waarin elke psalm van een of meer musikale toonsettings[16] in verskillende style voorsien is.

Die Skrif en Belydenisskrifte is nie duidelik oor hoe daar gesing behoort te word nie. Hierin lê die problematiek vir die GKSA, wat probeer om in alles so Skrifgetrou moontlik te wees. Die feit dat die musiek in die Bybelse tyd en vroegste kerk kultuurbepaald was (Basson, 2016:212), behoort ook vandag ’n belangrike oorweging by die keuring van psalmmelodieë en -formate te wees. Net soos in die Bybelse tyd en die tyd van die vroegste kerk, moet die kerklied wat in die erediens van die 21ste eeu in die GKSA gebruik word, vir die GKSA-lidmaat kultuurbepaald wees, dit wil sê met inagneming van die lidmaat se spirituele en musikale belewing.

## 10. EINDNOTA

Hierdie artikel spruit voort uit die outeur se navorsing vir die PhD-graad in Musiek wat op 27 Mei 2016 aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) toegeken is. Erkenning word hiermee aan die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gegee vir finansiële ondersteuning wat die PhD-ondersoek moontlik gemaak het.

[16] Psalm 51, byvoorbeeld, het 15 verskillende musikale toonsettings in style wat wissel van Geneefs tot kontemporêr (kyk Borger, et al., 2012:323-346).

## 11. BRONNELYS


Barnard, A.C. 1985. *Die erediens*. 2de druk. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Basson, W.D. 2016. *Die invloed van sinodebesluite op die psalm as kerklied in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* Potchefstroom: NWU (Proefskrif – PhD).

Bingle, J.P. 2003. Voorwoord van die Eindredakteur (in Bingle, J.P., Van Rooy, H.F. & Van Rooy, J., *reds., Psalmboek: Die berymde en omgedigte psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers. p. VII-XIII.)

Borger, J, Tel, M. & Witvliet, J.D. 2012. *Psalms for All Seasons*. Grand Rapids: Calvin Institute of Christian Worship, Faith Alive Christian Resources & Brazos Press.

GKSA. 1862. *Handelingen van de Eerste Algemeene Sijnodale Vergadering der Gereformeerde Kerk, van de Zuid-Afrikaansche Republiek, den Oranje Vrijstaat en de Kaap-Kolonie in Zuid-Afrika gehouden van den 20-24 Maart 1862, te Reddersburg (Oranje Vrijstaat)*. Kaapstad: Saul Solomon.

GKSA. 1873. *Handelingen van de Vijfde Algemeene Synodale Kerkvergadering, samengesteld uit al de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, vergaderd te Burgersdorp (Kaapkolonie), van den 7den tot den 17den April 1873.* Kaapstad: Saul Solomon.

GKSA. 1876. *Handelingen van de Zesde Algemeene Synodale Kerkvergadering, samengesteld uit al de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, vergaderd te Reddersburg (Oranje-Vrijstaat), van den 8sten tot den 24sten Mei 1876*. Kaapstad: Saul Solomon.

GKSA. 1888. *Handelingen van de Tiende Algemeene Synodale Kerkvergadering, samengesteld uit al de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika vergaderd te Middelburg (Kaap Kolonie), van af [sic] den 9den April, tot den 17den April 1888.* Paarl: D.F. du Toit & Co.

GKSA. 1894. *Handelingen van de Twaalfde Algem. Synodale Kerkvergadering samengesteld uit al de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, vergaderd te Reddersburg (O. Vrijstaat) van den 2den April tot den 13den April 1894.* Paarl: D.F. du Toit & Co.

GKSA. 1907. *Handelingen van de Vijftiende Algem. Synodale Kerkvergadering samengesteld uit al de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, vergaderd te Pretoria, Transvaal, van den 4den Maart tot den 14den Maart 1907.* Pretoria: N.D. van der Reyden.

GKSA. 1910. *Handelingen van de Zestiende Algemene Synodale Vergadering van de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, vergaderd te Reddersburg van de 7de tot de 17de Maart 1910.* Pretoria: N.D. van der Reyden.

GKSA. 1913. *Handelingen van de Zeventiende Algemene Synodale Vergadering van de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, vergaderd te Steynsburg op de 6de Maart en daaropvolgende dagen.* Pretoria: N.D. van der Reyden.

GKSA. 1918. *Handelinge van die Negentiende Algemene Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. Vergader te Reddersburg op 22 Augustus 1918 en volgende daë [sic].* Bloemfontein: De Nationale Pers.

GKSA. 1920. *Handelinge van die Twintigste Algemene Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. Vergader te Colesberg op 24 September 1920 en volgende dae*. Bloemfontein: De Nationale Pers.

GKSA. 1924. *Handelinge van die Een-en-twintigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suidafrika [sic], in sitting byeen te Rustenburg, Transvaal, op Saterdag, 29 Maart – 11 April 1924*. Bloemfontein: De Nationale Pers.

GKSA. 1927. *Handelinge van die Twee-en-twintigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, in sitting byeen te Reddersburg, O.V.S., op Vrydag, 25 Maart en volgende dae*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

GKSA. 1936. *Handelinge van die Vyf-en-Twintigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, in sitting byeen te Bethulie, O.V.S., op Donderdag, 5 Maart, 1936, en volgende dae*. Pretoria: Caxton.

GKSA. 1939. *Handelinge van die 26ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Bloemfontein, O.V.S., op Woensdag 23 Maart, 1939 en volgende dae*. s.l.

GKSA. 1942. *Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Aliwal-Noord, Kaapland op Donderdag 12 Maart, 1942 en volgende dae*. Potchefstroom: Die Westelike Stem.

GKSA. 1949. *Handelinge van die 30ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 26 Januarie 1949 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 1952. *Handelinge van die 31ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag, 22 Januarie 1952 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 1955. *Handelinge van die 32ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag, 26 Januarie 1955 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 1958. *Handelinge van die 33ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag, 22 Januarie 1958 en volgende dae*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GKSA. 1961. *Handelinge van die Vier-en-Dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag 25 Januarie 1961 en volgende dae*. s.l.

GKSA. 1967. *Handelinge van die Ses-en-Dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag 17 Januarie 1967 en volgende dae*. s.l.

GKSA. 1970. *Handelinge van die Sewe-en-Dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 21 Januarie 1970 en volgende dae*. s.l.

GKSA. 1973. *Handelinge van die Agt-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 10 Januarie 1973 en volgende dae*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GKSA. 1976. *Handelinge van die Nege-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in*

*Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op 14 Januarie 1976 en volgende dae*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GKSA. 1979. *Handelinge van die Veertigste Sinode te Potchefstroom op 19 Januarie 1979 en volgende dae*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GKSA. 1982. *Handelinge van die Een-en-Veertigste Sinode te Potchefstroom op 6 Januarie 1982 en volgende dae*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GKSA. 1985. *Handelinge van die Twee-en-Veertigste Nasionale Sinode in Potchefstroom op 8 Januarie 1985 en volgende dae*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GKSA. 1988. *Handelinge van die Drie-en-Veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 5 Januarie 1988 en volgende dae*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GKSA. 1994. *Handelinge van die Vyf-en-Veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 3 Januarie 1994 en volgende dae*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GKSA. 1997. *Handelinge van die Ses-en-Veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 6 Januarie 1997 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 2000. *Handelinge van die Sewe-en-Veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 10 Januarie 2000 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 2003a. *Handelinge van die Agt-en-Veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 6 Januarie 2003 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 2003b. *Minderheidsrapport by Eerste Rapport Liturgies*. Potchefstroom. (Ongepubliseer).

GKSA. 2006. *Handelinge van die Nege-en-Veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 4 Januarie 2006 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 2009. *Handelinge van die Vyftigste Nasionale Sinode en Tiende Sinode Middellande in die Eerste Algemene Sinode te Potchefstroom op 5 Januarie 2009 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 2012. *Handelinge van die Tweede Algemene Sinode te Potchefstroom op 4 Januarie 2012 en volgende dae*. Pretoria: V&R.

GKSA. 2015. *Handelinge van die Derde Algemene Sinode te Potchefstroom op 6 Januarie 2015 en volgende dae*. http://www.gksa.org.za/pdf/GKSA%20Handelinge%20Sinode%202015%20Boek%20Sonder%20Finansies.pdf. Web besoek: 21 Januarie 2017.

Holwerda, K. 2013. *Liedboek – Zingen en bidden in huis en kerk. 4de druk.* Zoetermeer: BV Liedboek.

Jankowitz, H.J. 2009. *Die praktyk van liturgiese psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië.* Potchefstroom: NWU (Proefskrif – PhD).

Kruger, D. 2002. Die funksionaliteit van die laat twintigste-eeuse kerklied. *In die Skriflig,* 36 (1):19-43.

Spoelstra, B. 2004. Het die Reformasie die leer gered en aanbidding verloor? *Acta Theologica*, Supplementum 3:270-291.

Strydom, W.M.L. 1994a. Besinning rondom die ontwerp van 'n Protestants-himnologiese estetika. *Acta*

*Academica*, Supplemententum 1:1-88.

Strydom, W.M.L. 1994b. *"Sing nuwe sange, nuutgebore"* – liturgie en lied. Bloemfontein: UOVS Dept. Musiek.

Van Rooy, J.H. 2008. *Die Psalmboek 2003 as kommunikasiemiddel in die liturgie van die erediens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: 'n himnologiese studie*. Potchefstroom: NWU (Proefskrif – PhD).

Van Rooy, J.H. 2010. *Effektiewe Gemeentesang. 'n Model na aanleiding van Psalmboek 2003*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Van Wyk, J.H. 2004. Die Psalms: 'n strydpunt? *Die Kerkblad*, Maart, 8.